



Pastore Tony en Susan Alamo, 'n orkes en koor op hulle internasionale televisieprogram. Foto geneem in 1974

SLIMPRAATJIES OF WARE PRAATJIES?

deur Tony Alamo

Die misleide mense van die wêreld wou nog altyd soet, slimpraatjies eerder as die waarheid hoor.¹

JESUS het gesê, “As julle in MY WOORD bly, is julle waarlik MY dissipels; en julle sal die WAARHEID ken, en die WAARHEID sal julle vry maak” (Johannes 8:31b-32). Soet, slimpraatjies sal julle nie vrymaak nie — Satan gebruik dit om julle te mislei.

Johannes 14:5-6 sê: “Thomas sê vir HOM [JESUS]: ‘HERE, ons weet nie waar u gaan nie, en hoe kan ons die weg ken?’ JESUS antwoord hom: ‘EK is die WEG en die WAARHEID en die LEWE. Niemand kom na die VADER behalwe deur MY nie.’”

Nadat hulle vier dae gewag het om na die plek te kom waar Lasarus begrawe is, het Martha vir JESUS gesê: “HERE as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou weet ek dat alles wat U van GOD vra GOD U sal gee.” JESUS sê vir haar: ‘Jou broer sal opstaan.’ Martha antwoord HOM: ‘Ek weet dat hy weer sal opstaan in die opstanding in die laaste dag.’ JESUS sê vir haar: ‘EK is die OP-

STANDING en die LEWE; wie in MY glo sal lewe, al het hy ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in MY glo, sal nooit sterf nie. Glo jy dit [WAARHEID]?’ Sy antwoord HOM: ‘Ja, HERE, ek glo dat U die CHRISTUS is, die SEUN van GOD, wat in die wêreld sou kom’” (Johannes 11:21-27).

In Johannes 6:47 sê JESUS, “Voorwaar, voorwaar EK sê vir julle, wie in MY glo, het die ewige lewe.” In Markus 16:16 sê JESUS ook: “Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word.”

In 2 Tessalonisense 2, vers 6-12 voorspel die Apostel Paulus deur die GEES die lot van dié wat nie in die WAARHEID glo nie, die wat deel is van vandag se ongelowige ANTI-CHRISTELIKE wêreldbeweging, in die volgende woorde: “En nou julle wat HOM teëhou sodat HY op SY tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou

teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die HERE met die asem van SY mond sal verdelg en deur die verskynning van SY wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige daade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die WAARHEID nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal GOD hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die WAARHEID nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid.”

Kan dit alles die waarheid wees? Word dit gerugsteun deur die geskiedenis? Die antwoord is ja!

Ons sien een voorbeeld hiervan gedurende die tyd van Noag, toe Noag GOD se boodskap dat die aarde binne 120 jaar oorstroom sal wees, verkon-

(Vervolg op bladsy 2)

¹ Gen.3:4-5, 1 Kon. 22:1-38, Jes. 30:9-11, 66:4, Jer. 6:13-14, 19, 23:14-27, 30-32, 27-28, Eseg. 13:1-16, Sag. 7:7-14, Matt. 7:13-14, 24:24, Rom. 16:17-18, 1 Thes. 5:1-8, 2 Thes. 2:3-12, 2 Tim. 4:2-4

SLIMPRAATJIES OF WARE PRAATJIES?

(Vervolg vanaf bladsy 1)

dig het.² Het dit gebeur? Die antwoord is ja! Daar is 'n verskeidenheid van vis-en dierfossiele dwarsdeur die hele wêreld, selfs in woestyne en op bergtoppe.

Genesis 6:1-2 sê: “Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van GOD [soos Set, Jered, Henog, Metusalag en Noag — m.a.w. die seuns van GOD is diegene wat in GOD glo] dat die dogters van die mense mooi was.” Hierdie was die sondige dogters van Kain en ander soos hy — m.a.w. die dogters van mense is die dogters van diegene wat nie in GOD glo nie.

Weereens is die seuns van GOD nie engele nie; hulle is die seuns van GOD, soos dié van ons wat die Evangelie glo.³ Aangesien ons seuns van GOD is, mag ons nie aan dieselfde juk trek as ongelowiges nie.⁴ As ons met ongelowige vroue sou trou, sou ons sondig, want dit gaan teen die bevel van GOD in dat gelowiges met ongelowiges trou.

Engele het ook nie geslagsdele nie.⁵ So ook nie gelowiges wat in die HEMEL by GOD is nie. Wanneer ons as seuns en dogters van GOD na die HEMEL gaan om saam met GOD te wees, sal ons skaamdele nie saam met ons gaan nie. Dit is so “want in die opstanding trou hulle nie en word ook nie in die huwelik uitgegee nie, maar is soos engele van God in die hemel” (Mattheüs 22:30). Seksuele omgang is vir die huwelik en met die doel om voort te plant, so aangesien daar geen huwelike of voortplanting in die HEMEL is nie, is daar geen nodigheid vir geslagsdele nie. Wanneer valse profete dus aan jou vertel dat engele seks gehad het met vrouens wat nie

engele is nie, maar dogters van mense was en dat dit reuse tot gevolg gehad het, profeteer hulle valslik teenoor jou. As reuse die resultaat is van goddelose verbintenisse, sal dit slegs wees omdat die seuns van GOD (GODVRESENDE mans) trou met satanistiese vroue, dogters van mense wat geen belangstelling in GOD het nie en wat nie omgee of hulle sondig of nie, of hulle GOD se geboorte oortree of nie. Hierdie ingesteldheid is dieselfde as vandag se ingesteldheid van mans en vroue. Dit is hoekom die Hel homself aangematig het. Jesaja 5:13-16 lui: “Daarom gaan MY volk [seuns van GOD] in ballingskap weens gebrek aan kennis, en hulle aansienlikes word hongerlyers en hulle menigte versmag van dors. Daarom het die doderyk sy keel wyd oopgemaak en sy mond uitgereg sonder maat, [GOD is in staat om die grense van die Hel uit te brei, hoe wyd dit ook al mag nodig wees

vir jou en vir my as ons besluit om te sondig] en daarin sink hulle adel en hulle menigte en hulle luidrugtigheid en diegene onder hulle wat uitgelate is. Dan word die gemene mens gebuig en die magtige man verneder, en die oë van die hoogmoedige mense word verneder. Maar die HERE van die leer-skare sal verhoog word in die gereg, en die heilige GOD sal HOM as die HEILIGE laat ken deur geregtigheid.”

Nou eers terug na Genesis 6:2: “en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het. Toe sê die HERE: ‘MY GEES sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar.’ [Hier sê die HERE aan die mense dat HY dit alles gaan beëindig, die hele aarde, binne honderd-en-twintig jaar. Het HY dit gedoen? Ja HY het! Het HY dit slegs gedoen, omdat die gelowiges getrou het met die ongelowiges? Dis deel daarvan.

Ghana

Geagte Pastoor

Ek is 'n student van St. Charles Kweekskool, SHS. Ons ontvang en versprei u literatuur reeds vir 'n geruime tyd.

Voordat ek begin het om u boek, *The Messiah*, te lees, het ek dit moeilik gevind om te evangeliseer, maar nadat ek dit gelees het, is ek op hoogte gebring en het ek begin evangeliseer en het ek sover ses siele wat ongelowiges was, vir Christus gewen. Ek kon dit doen, want u boek het groot geheimenisse aan my geopenbaar.

Ek vra daarom, op hierdie trant, juis ses eksemplare van *The Messiah*, sodat elk van hulle hul eie persoonlike kopie sal hê. Ek wil ook vra vir ten minste ses T-hemde van u bediening, sodat ons dit gedurende ons evangelisasie-veldtog op die kampus kan aantrek en so kan wys dat ons 'n vertakking is van u bediening en die Woord met u ondersteuning verkondig. Derdens vra ons vir kopieë van u oudioboodsappe om versprei te word onder studente vir wie die lees van u boeke 'n las is weens die feit dat ons boeke reeds te veel is om te lees. Sommige studente het CD-spelers by die kampus en hulle kan elke naweek na u leringe luister. Dit sal studente help wat nie tyd het om te lees nie, om na u op 'n CD-speler te luister.

Pastoor, as u in staat is om alles te gee wat ons van u vra, sal die Woord effektief verkondig word om glorie aan God te bring hier in St. Charles. Ons hoop en bid dat u aan ons die dinge kan stuur wat ons in ons werk sal help. Mag God u ryklik seën vir u harde werk. Dankie.

Die uwe

Konam Samuel Tamale

Ghana

² Die Boek van Die Opregte 5:7-8 ³ Joh. 1:12, Rom. 8:8-17, Gal. 4:3-7, Ef. 1:4-7, 2:12-19, 1 Joh. 3:1-2 ⁴ Amos 3:3, 1 Kor. 7:39, 2 Kor. 6:14-18 ⁵ Matt. 22:29-30, Mark 12:24-25, Luk. 20:34-36

Dis wat die Bybel, GOD se WOORD sê. Glo jy dit? Ek bid dat jy sal.] In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van GOD by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was, het dit die HERE berou dat HY die mens op aarde gemaak het, en daar was smart in SY hart. En die HERE sê: 'EK sal die mens wat EK geskape het, van die aarde verdelg, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; want dit berou MY dat EK hulle gemaak het'" (Genesis 6:2-7).

Dink jy dat die mense van die wêreld omgee het, of geglo het wat GOD besig was om te sê? Die antwoord is nee! As hulle omgee het, sou hulle berou getoon het en sou GOD nie almal van hulle, die hele wêreld, behalwe Noag, sy vrou, sy drie seuns en hulle vrouens doodgemaak het nie.⁶

Kom ons doen 'n klein toetsie hier, want ek wil sien of julle mense van die wêreld dieselfde is as die mense van die wêreld in die tyd van Noag. GOD het gesê dat julle vandag dieselfde is as wat die mense van die wêreld was in die tyd van Noag. JESUS het dit op

die manier gesê in Mattheüs 24:37-39: "En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die SEUN van die MENS wees. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die koms van die SEUN van die MENS wees." As jy dit glo, sal jy steeds homoseksualiteit, lesbianisme en huwelike tussen dieselfde geslagte goedkeur en daarmee simpatiseer, soos wat jy vandag doen?

In Genesis 19:4 praat die Bybel van die wellustige individue wat probeer het om in Lot se huis in te breek om seks te hê met die HERE SELF. Die rekord is soos volg: Voordat die HERE en sy METGESEL gaan slaap het en die boosheid van die inwoners van Sodom en Gomorra tot volheid gekom het, soos wat dit vandag in die wêreld is, is die laaste druppel in die vurige emmer gevoeg by GOD se toorn wat om hulle koppe sou ontplof. Hulle het die waarskuwing t.o.v. die verwoesting van hulle stad as 'n ydele dreigement beskou en die boodskap-pers met minagting behandel. Dit is so gevaarlik om GOD se aanbod van redding gering te skat, selfs al is dit net een keer. Wanneer die twee engele van genade teruggaan na GOD wat hulle gestuur het, kan hulle dalk agter hulle die vuur van GOD se toorn laat ontvlam.

Die manne van Sodom het nie gedink dat hulle besig was om enigiets ongewoon te doen toe hulle Lot se huis omsingel en die deur byna afgebreek het nie. Hulle was eensins meer oproerig of immoreel op daardie laaste nag as wat hulle soveel

nagte vantevore was nie. Daar is egter 'n punt waarby Goddelike toegeeflikheid nie verby kan gaan nie. Hulle het daardie punt bereik toe hulle teen Lot saamgedrom het en hulle sou hom in die straat afgejaag het, omdat hy sy engelagtige en heilige gaste beskerm het. Toe hulle blind word, en hulle hulself vermoei het om die deur te probeer vind, het hulle reeds die verskuilde grens tussen GOD se geduld en SY toorn oorgesteek.

(Vandag onderrig die VN Wêreld-regering die dwaalleer in ons openbare skole as 'n derde keuse rondom seksualiteit, wat uiteindelik die verwoesting van ons kinders om in die Hel en die Poel van Vuur te beland, waarborg. Ons word beskou as haatsaaiers omdat ons die losbandige, perverse mense teenstaan.)

Toe het die uur van vergelding aangebreek. Die HERE het vuur en swawel op die stad en die pragtige vlakte wat 'n dag tevore soos die paradys gelyk het, laat neerkom uit die Hemel. Die rook van die vuur het opgegaan soos die rook van 'n smeltoond en die gloed van die groot, verwoestende vuur is van ver deur die skaapwagters op die heuwels van Hebron en die berge van Moab gesien. In een oomblik is die mooi vallei, soos wat die tuin van GOD in al sy prag en vrugbaarheid was, verlate en nooit weer bewoon deur enige geslag nie. Dit het verander in 'n vallei van verlatenheid en dood, waar die rondreisende Arabier nooit sou waag om sy tent op te slaan of die skaapwagter om sy kudde neer te lê nie. Dit het verander in 'n geteisterde en aaklige deel, 'n droewige realiteit, geklee in bykomende gruwels van duistere bygelowe en beseerde verbeeldingsvlugte.

Glo jy dat GOD die wellustige dromers wat seksueel pervers is, soveel verag soos wat die Bybel sê?⁷

(Vervolg op bladsy 4)

⁶ Gen. 18:20-23, 19:1-13, 24-25, Lev. 18:22, 20:13, Deut. 22:5, 23:17, 29:23, Rig. 19:22-25, 1 Kon. 14:24, Rom. 1:20-32, 1 Kor. 6:9-10, Kol. 3:5-7, 1 Tim. 1:9-10, 2 Tim. 3:1-5, Jud. 7, Op. 22:14-15

New York

'n Vrou in New York het op die *Chariots of Fire*- en *The Tree*-nuusbriewe afgekom terwyl sy deur haar papierwerk gegaan het. Sy het dit gelees en kon dit nie neersit nie. Sy het ons bediening se telefoonlyn geskakel en die sondaarsgebed saam met ons gebid. Ons het haar uitgenooi na ons dienste toe. Sy en haar hele gesin het dit bygewoon en die hele gesin is gered en wedergebore deur die Gees van God. Prys die Here!



ALAMO BEDIENINGS AANLYN
www.alamoministries.com

SLIMPRAATJIES OF WARE PRAATJIES?

(Vervolg vanaf bladsy 3)

Dit is duidelik dat baie van julle dit nie doen nie, want julle hou aan saamstem met die grootskaalse beweging ten gunste van homoseksualiteit, lesbianisme en huwelike tussen dieselfde geslag tot die punt waar dit selfs in openbare skole onderrig word en as 'n grap beskou word in die Vatikaanbeheerde media.

Romeine 1:32 sê: “mense wat — al ken hulle die verordeninge van GOD goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien — dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.” In ons wêreld van vandag, word die dinge selfs in openbare skole onderrig, dwarsdeur die ontsaglike Vatikaanse media en in die Vatikaanse Rooms-Katolieke kerk se kultusse, dwarsdeur die hele wêreld. Hierdie is homoseksuele, lesbiese en pedofielkultusse in die kerk. Ek bid dat almal van julle tot inkeer sal kom, maar ek glo nie julle sal nie, want die Bybel sê dat julle nie sal nie.⁸ Ek bid steeds vir julle, want die Hel en die Poel van Vuur is afgryslik.⁹

Die Apostel Petrus vertel deur die HEILIGE GEES aan ons dat GOD nie slegs 'n paar dorpe soos Sodom, Gomorra en die ander dorpe van die vlakke gaan verbrand nie, maar dat die Hemel en die aarde in twee reuse ballen van vuur sal verander. Die Apostel Petrus vertel dit op die volgende manier in 2 Pet. 3:1-14: “Dit is reeds die tweede brief, geliefdes, wat ek aan julle skrywe. In albei wil ek deur herinnering julle suiwer gesindheid opwek, sodat julle die woorde kan onthou wat deur die heilige profete tevore gespreek is, en die gebod van ons, apostels van die HERE en VERLOSSER. Dit moet julle veral weet, dat daar aan die einde van die dae spotters sal kom

wat volgens hulle eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van SY wederkoms? Want vandat die vaders ontslaap het, bly alles soos dit was van die begin van die skepping af. Want moedswillig vergeet hulle dat daar van lankal af hemele was en 'n aarde wat uit water en deur water ontstaan het deur die WOORD van GOD, waardeur die toenmalige wêreld met water oorstrom is en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggeleë en word vir die vuur bewaar teen die Dag van die Oordeel en die verderf van die goddelose mense. [Jy moet baie naïef of baie dom wees, terwyl jy weet dat GOD die aarde vernietig het weens veel minder as wat julle mense nou doen. Glo jy werklik dat GOD sal toelaat dat dit so voortgaan, sonder dat hy dit weer vernietig? Glo jy dit regtig?] Maar laat hierdie een ding julle nie ontgaan nie, geliefdes dat een dag by die HERE soos duisend jaar is en duisend jaar soos een dag. [Die stelling is tweeduisend jaar gelede deur Petrus gemaak. Nou is dit die einde van die tyd. GOD was geduldig vir al hierdie jare, maar daar is 'n punt waarby Goddelike toegeeflikheid nie verby kan kom nie. Die wêreld is vandag verby daardie punt. Billy Graham het gesê dat GOD vir Sodom en Gomorra om verskoning sal moet vra as HY die wêreld toelaat om in sy huidige toestand voort te duur. Hierdie wêreld en die huidige toestand waarin dit verkeer, is selfs meer verdorwe as antieke Sodom en Gomorra]. Die HERE verdraag nie die belofte soos sommige dit sien nie, maar HY is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering kom. [‘Want dan (nou) sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie ge-

wees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word’ (Mattheüs 24:21-22).] Maar die dag van die HERE sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal verbrand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en GODSVRUG nie? — julle wat die koms van die dag van GOD verwag en verhaas, waardeur die hemele deur



Suster Sania besig om Pastoor Alamo se sielsveranderende literatuur en Messiahsboeke te versprei — Punjab, Pakistan

⁸ Spr. 1:20-33, Matt. 7:13-14, 20:16, 22:1-14, 24:11-12, 2 Kor. 4:3-4, 2 Thes. 2:3-12, 2 Tim. 3:13, 2 Pet. 2, Op. 2:20-23, 9:20-21, 12:9, 13:1-4, 16:8-11, 21 ⁹ Jes. 66:24, Matt. 13:24-30, 36-43, 47-50, 25:14-46, Mark. 9:43-48, Luk. 3:9, 16-17, 12:5, 16:19-26, Joh. 15:6, 2 Pet. 2:4-9, Jud. 6-7, Op. 14:9-11, 19:20, 20:7-15, 21:8

vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Maar ons verwag volgens SY belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos, sonder sonde en onberispelik voor HOM bevind mag word in vrede.”

Indien dit jou begeerte is om aan 'n ewigheid van een van die mees afgryslike plekke te ontkom — die Hel en die Poel van Vuur — en die

(Vervolg op bladsy 8)



Pakistan

Geagte Tony Alamo Christian Ministries!

Ek wil u graag inlig dat ek die pakkie ontvang het wat u aan my gestuur het en ek is so bly om so 'n kosbare geskenk te ontvang. Ek noem dit 'n geskenk, want ek is ernstig as ek sê om die Woord van God te hê beteken baie vir my!

Ek moet sê dat ek nog altyd entoesiasies en passievol daaroor was om die Woord van God te versprei en te verkondig en u is die heel eerste een wat aan my die geleentheid gegee het om dit te doen en my drome waar te maak. Ek kan nie in woorde uitdruk hoe gelukkig ek is nie.

Ek het foto's aangeheg om te wys waar ek heelhartig nuusbriewe en boeke onder verskeie kerke versprei.

Ek wil vra dat u my betrokke sal hou by sodanige aktiwiteite waar ek myself kan sien as 'n DIENSKNEG VAN GOD, want dit verbly my siel.

Groete

Suster Sania

Punjab, Pakistan

New Jersey

Ons het 'n diens gehou in 'n ouetehuis. Een van die vroue wat ons dienste in Manhattan bywoon het, het saam met ons gekom en ons het haar 21-jarige seun, wat nie 'n Christen was nie, genooi om ook saam met ons te kom. Ons het 'n wonderlike diens gehad en terwyl die inwoners die sondaarsgebed gebid het, het Trevor, die seun, ook gebid. Hy is gered. Sy ma was so gelukkig. Na die diens het die broers en susters gebid vir Trevor se genesing. Hy het 'n maand vantevore 'n operasie aan sy gewrig gehad en dit was steeds geswel en pynlik. Hou hom asseblief in julle gebede dat hy sal aanhou om Christus te volg en ook vir sy genesing.

Zambië

Geagte Vader in onse Here Pastoor Alamo

Dit is my gebed dat dit goed sal gaan met u en die liggaam van Christus in die wonderlike en genadige naam van ons een en enigste Here en Redder Jesus Christus. Pa, om u brief te ontvang en daarmee saam die ingeslote, sielsveranderende en lewensveranderende Evangeliese literatuur betreffende binnekort gevalle satanistiese Rooms-Katolieke beweging, het my gees onbeskryflik laat dans van vreugde. Ek is 'n prediker van dieselfde waarheid, maar ek het nog nooit so 'n geestelike vader soos u gehad nie. Prys die Here vir hierdie Goddelike verbintenis. Ek belowe om deur u openbaring en onder u salwing te werk, totdat die Here my na die anderkant van die ewigheid toe roep.

Ek en die vyf-en-twintig predikers wat hier in die tronk onder my toesig werk, het die literatuur kategorieë geanaliseer en onmiddellik die goeie nuus wat daarin vervat is verkondig aan 'n gemeente van sewehonderd gevangenes. Hulle reaksie was om al die Rooms-Katolieke artikels, wat satanistiese literatuur en gebedsnoere insluit wat tydens die Paasvakansie geskenk is, te verbrand. Nadat die bevrydings- en reddingsgebed in die evangeliese literatuur gebid is, het demone gemanifesteer wat ook uitgedryf is. Terwyl honderde siele gered is, het hulle die Tony Alamo Christian Ministries se leerstellings en die volgende materiaal aangevra: baie verskillende stukke literatuur, Bybels, *Messiah*-boeke, CD's en T-hemde.

Weereens wil ek trots aankondig dat daar 'n nuwe tak is wat hier gestig is en die groei daarvan is algeheel afhanklik van u gebede en bydrae. As gestuurde kinders van die lewende God het ons u as 'n gestuurde boodskapper van God in die laaste uur geglo om die huidige sterwende generasie te waarsku voor die terugkeer van ons Hoofregter, ons Here Jesus Christus. Ons wens is daarom deel te neem aan die getuienis van die Here, soos gestel in Handeling 1:8 en Filippense 4:8 en 9.

Laastens betreffende die valse aantygings teen u en u bediening, onthou asseblief altyd soos wat u doen, dat daar nie 'n maklike lewe is vir dié wat die waarheid op aarde aanhang nie, maar ons word 'n veilige landing aan die anderkant van die ewigheid belowe. Verwys na 1 Petrus 4:12-19. U gunstige oorweging van die brief sal diep gewaardeer word, aangesien ons angstig wag op u reaksie. Wees gegroet in die liggaam van Christus.

Die uwe
Sakala

Chipata Zambië

Die Getuienis van Broer Chris Foley

My naam is Chris Foley. Ek sal hierdie jaar in 2014, 32 jaar oud wees. Op 1 November 2008, het ek Jesus in my hart aangeneem en is ek wedergebore deur die Heilige Gees. As jong kind het ek altyd gewonder of God bestaan. Ek onthou een geleentheid waar ek opgekyk het na die Hemel en gewonder het of God iewers daarbo is.

Ek het baie gelukkige kinderjare gehad, waar ek grootgeword het in 'n klein, stil, veilige woonbuurt in die noorde van New Jersey. My lewe was in daardie stadium sorgvry en ek sou verskeie speletjies met vriende in 'n hoër middelklas woonbuurt speel. Die lewe het vir my as kind baie goed gelyk. Die wêreld het vir my so groot gelyk, so baie mense, idees, gelowe, aktiwiteite; maar waar het God ingepas? Waar was God? Ek het Hom nie gesien nie! Omdat ek as 'n Katoliek grootgemaak is, is ek nooit onderrig in die Ware Evangelie van die Here Jesus Christus nie.

Soos wat ek grootgeword het, het ek probeer om my eie weg, my eie pad te vind, maar ek het altyd gewonder: "Hoe is die Bybel van toepassing op vandag? Waar is die God van die Bybel vandag?" Die Here het deur Sy Heilige Gees regtig begin om met my te werk nadat ek by die kollege gegraduateer het. Ek het by soveel sonde betrokke geraak en ek wou die donkerte binne-in my oorkom; ek was vasbeslote om iets van my lewe op aarde te maak.

Ek het probeer om 'n voet in die deur te kry in die beroepswêreld van finansies en het uiteindelik 'n werk in die stad New York gekry. Om in New York te werk het aan my 'n voorsmakie gegee van die deurmekaar wêreld waarteen ek vir die grootste deel van my lewe beskerm is. Ek onthou dat ek daaglik deur die Lincoln-tonnel gependel het en gepantserde voertuie, K-9 honde, en dosyne polisie met masjiengewere wat ingange bewaak het, gesien het. Alles het so onseker en onvas voorgekom; ongelukke wat mense se lewens geëis het, het elke week in alle rigtings naby my kantoor voorgekom. Ek het begin besef dat die lewe so wasig, vinnig en

broos was, en daar was geen waarborg dat ek nog 'n dag sou leef nie. Enigiets kon op enige gegewe dag met my gebeur. Dit het my gekwel; die gedagte aan die dood was vir my vreesaanjaend. Ek het gedink: "Miskien is daar net iets fout met my, miskien is die dood net 'n natuurlike ding en moet ek net op my eie manier daarmee worstel."

Dag na dag sou ek meer en meer verhale van hartseer en dood lees en afskuwelike stories op die nuus en uit gesprekke van mense rondom my hoor. Ek het elke dag aan die dood gedink; ek het probeer om sin te maak daaruit, maar ek kon nie in ontkenning leef nie. Iets was verskriklik verkeerd! Die aktiwiteit waarby ek betrokke was, kon my nie help om aan die realiteit te ontkom nie. Ek het aanhou dink: "Eendag sal ek dit verstaan; eendag sal die dinge wat mense se lewens uitmekaar skeur, met my gebeur." Ek het geweet dat ek nie gereed was, of voorbereid was nie. Ek het vir 'n kort rukkie uit desperaatheid verskillende dinge probeer om vermoeders te verkry. Ek het onder meer met mense oor my probleme gepraat, medikasie gebruik en filosofieë aangehang. Ek het selfs Katolieke kerkdienste op my eie bygewoon, maar niks kon my die versekering gee dat alles in my lewe in orde sou wees nie. Ek het gevoel dat dit nodig is om my aan iets te verbind, maar wat?

Gedurende een desperate nag in my kamer, het ek uitgeroep na God en in my hart geskreu: "Jesus, help my!" Ek het gedink dat as daar 'n God is, net Hy



Broer Chris Foley besig om te getuig en pastoor Tony Alamo se sielsveranderende literatuur in 'n duikweg in Manhattan te versprei

my kon help. Ek het begin om Hom op te soek. Die Here het begin om met my te onderhandel deur die boek van Openbaring. Ek het toevallig op die Internet daarop afgekom en die hele boek in een dag op my rekenaar gelees. Dit was raaiselagtig vir my, maar ek is aangetrek deur die praatjies oor die laaste dae. "Is hierdie die laaste dae?" het ek myself afgevra. "Is die Bybel inderwaarheid besig om te praat van die tyd waarin ek leef?"

Een Vrydag het ek klaar gewerk en gereed gemaak vir nog 'n naweek van jolyt. Normaalweg sou my kollegas rondom die rekenaar saamdrom, terwyl hulle ontspan, en lag en grappe maak. Dit het my egter dié keer opgeval hoe stil hulle was terwyl ek op pad uit was. Ek het besluit om eers te kyk waarna hulle kyk en die video van die Wêreldhandelsentrum wat op 9/11 ineenstort, het my dadelik vasgevang. Ek het altyd gehoor van sameswerings wat die gebeurtenis betref, maar ek het dit afgemaak as kaf. Terwyl ek van naderby gekyk het na die video, het ek klein wit rookwolkies sien trek wat op omtrent elke tiende vloer in perfekte eenheid uitgeskiet het, terwyl die gebou op soortgelyke wyse as met 'n sloping ineengestort het. Dit was die vonkie wat die Here gebruik het om my te laat verstaan dat my lewe 'n leuen was, alles wat ek geken het, alles waarvoor ek geleef het.

Ek het op my eie begin navorsing doen en die groot boosheid van die Vatikaan en die eenwêreldregering ontdek, asook dat dit alles voorspel is in die Bybel. My vraag is beantwoord; ons leef in die laaste dae! Die laaste sekondes van die tyd! Jesus kom terug. Ek het nou geglo dat God 'n werklikheid is, Sy Woord is 'n werklikheid, maar "Wie ken God? Wie sou my kon sê wat om te doen? Hoe kon ek God in die hande kry?" het ek myself afgevra.

Ek het Tony Alamo Ministries se webwerf 'n week later ontdek. Die literatuur wat ek gelees het, was uniek. Dit het krag en gesag gehad in die onderwysings van die Woord van God. Ek het ontdek dat hulle sowat agt blokke vanaf my kantoor in Manhattan dienste gehou het. Ek het daardie Sondag 'n diens bygewoon. Ek het geweet dat God ook midde-in die diens was. Ek het die getuienisse van die broers en die susters in die diens gehoor en ek het besef dat dit nie toevallig was dat ek daar was nie. God het my daarheen gelei. Ek het besef en geglo dat daar 'n plek genaamd die Hel was en dit het my bang gemaak om te weet dat ek daarheen op pad was. Ek het nou verstaan dat ek besig was om die duiwel te volg en dat Satan besig was om my na verwoesting te lei, maar ek wou nou doen wat God wou hê ek moes doen en wat Hy van my vereis het om te doen! Daarom het ek aan die einde van die diens in gebed vir Jesus gevra om my sondes te vergewe en dit weg te was met die kosbare bloed van Jesus en ek het geweet dat God my gered en verander het deur Sy Heilige Gees wat my gevul het.

Ek het geweet dat dit die verbintenissen was wat ek veronderstel was om te maak. Ek is gered en ek het nodig gehad om God en Sy Woord te volg, van Hom te leer, Hom te vrees, mense van Hom te vertel en Sy gebooie te onderhou of andersins sou ek wanneer ek sterf vir ewig in die

Hel opeindig! Ek het die diens verlaat en die vrees vir die dood wat my getreiter het, was weg. Ek het werklike vrede gehad! Ek het besef dat die vrees veroorsaak is omdat my saak met God nie reg was nie. Ek het sonde in my siel gehad en was op pad Hel toe, maar nou het die grootste wonderwerk plaasgevind omdat Jesus Sy sondelose bloed gestort het as versoening vir my sondes van die verlede, by die kruis op Golgota. Ek is nou weergebore deur die Gees; ek het lig binne in my gehad (Jesus binne-in!). Ek was nou op die pad wat gelei het na die Koninkryk van die Hemel; my naam was in die Boek van die Lewe, prys God! Twee dae later terwyl ek my kar in Hoboken, NJ waar ek gewoon het, op 'n ander plek parkeer het, was daar 'n stukkie evangeliese literatuur van Tony Alamo Ministries,

waarvan ek sowat twee dae vantevore nog nie eens gehoor het nie, teen my kar se ruit. God het bevestig dis waar Hy my wou hê en het Sy Alwetende, Almagtige krag aan my bewys!

Ek weet dat die Alamo Bediening die werk van God is en ek is gevoed met die werklike woord van die Evangelie van Jesus Christus deur Pastoor Alamo se Geesvervulde boodskappe en literatuur. Ek prys en dank die Here vir redding en dat Hy my gelei het na Sy hoogs gesalfde pastoor en bediening. Hy (Jesus) was al die tyd daar en kan ook daar wees vir jou as jy na Hom roep. As jy nie gered is nie, maak seker dat jy Jesus nou as jou persoonlike verlosser aanneem, want die tyd is kort en die ewigheid lank!

Prys die Here

Chris Foley

Kuba

Vertaal uit Spaans

Pastoor Tony Alamo

Wees geseënd. Ek wil myself aan u bekend stel en aan u vertel dat ons pastore is van die Evangeliese Christelike Kerk van Kuba en dat ons God dien met al ons liefde. Ons is 'n getroude paartjie in 'n huwelik van 25 jaar met 'n pragtige gesin in Christus.

Geagte Pastoor Alamo, mag die Here ons God aanhou om u oorvloediglik te seën. Mag die liefde van Christus in u en u bediening bly. Ons is pastore, my man Julián Diaz Perez en ek, Rosario Rodriguez Ravelos. Ons het 'n groot familie, omdat ons in ons kudde baie geestelike kinders het wat 'n visie het om die Koninkryk van God te verstaan en verlore siele te bereik. Ek het so pas een van die tydskrifte *Chariots of Fire* gelees en dit het my aangegryp. Ek kan sien dat daar 'n moedige en dapper man in die Woord van God is en ek kan sien dat u die hart van 'n vader het en 'n bediening van genade met baie drome en visies om te bereik en dat ons dieselfde dink. In Markus 6:15 het Hy gesê: "Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom" en dit is wat ek in u sien, Pastoor Alamo. Ek sien u edelheid, u nederigheid en die manier waarop die Koninkryk van God uitbrei deur die hele wêreld. Die land is Kuba en ek het die tydskrif vandag in my hande ontvang en ek dank God dat dit gekom het.

Ons is pastore (kinders van God) en ons is hier om God te dien en ek wil ook help in die bediening van genade. Wil u my nie asseblief help met literatuur, sodat dit deur die hele Kuba versprei kan word nie, sodat daar niemand sal wees wat nie in staat is om die Woord van God te lees en te ontvang nie.

Wel, ek sal nie tot siens sê nie, want net God weet hoe dankbaar ek vir Hom is en dat ek gewillig is om alles vir Hom te gee. Ons sal in kontak bly. Hier in Kuba doen God ook baie wonderwerke en genesings en ek wil dit met u deel, Pastoor Alamo. My man, Julián, stuur groete en mag God aanhou om u te seën.

Pastoor Rosario Rodriguez Ravelos

Havana, Kuba

SLIMPRAATJIES OF WARE PRAATJIES?

(Vervolg vanaf bladsy 5)

ewigheid in die Koninkryk van die Hemel te spandeer: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat GOD berei het vir die wat HOM liefhet [wat SY gebooe onderhou]"¹⁰ bely dan jou sondes deur die volgende gebed te bid:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹¹ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.¹² Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.¹³ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,¹⁴ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.¹⁵ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.¹⁶ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het

aan die kruis by Golgota.¹⁷ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.¹⁸ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet — dit sluit my in.¹⁹ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my antwoord het en ek weet dat ek gered is.²⁰ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.²¹

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.²² Bestudeer die 1953-vertaling van die Afrikaanse Bybel [die King James-weergawe] en wees gehoorsaam.²³

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet

gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê: "Sal h mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds h vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [h tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die Hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in h begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Mal. 3:8-12).

10 Jes. 64:4, Joh. 14:15, 21-24, 15:9-10, 1 Kor. 2:9, 1 Joh. 2:15, 5:2-3, 2 Joh. 6 11 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 12 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 13 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 14 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 15 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 16 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 17 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 18 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 19 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 20 Heb. 11:6 21 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 22 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 23 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078 USA

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bediening wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word h werker in die oes van siele deur h verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en audioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief h kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal.

As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Junie 2014 Alle regte voorbehou World Pastor Tony Alamo © Geregistreer Junie 2014

AFRIKAANS—VOLUME 19800—SMOOTH THINGS OR TRUE THINGS?